

**24 April**

**Skrifgedeelte: Kolossense 3:1-17**

**Fokusgedeelte: Kolossense 3:16 (NAV)**

**'n Boodskap wat jou met dankbaarheid in die hart laat sing**

Alhoewel daar nog sekere aanvullings aan die Kolossense se geloof gemaak moes word, kon Paulus nie anders as om God te dank vir hulle geloof, liefde en hoop nie (1:3). Uit die brief blyk dit dat daar dwaalleraars was wat verkondig het dat die Here Jesus wel die Verlosser is, maar dat jy nie deur sy verdienste alleen gered kan word nie. Jy moes ook nog engele aanbid (2:18), allerlei Joodse feeste onderhou (2:16) en sekere voedsel en drank vermy (2:16 en 2:20-23).

Teenoor hierdie dwaalleer maak Paulus dit duidelik dat die Here Jesus se verlossing volkome is. Christus is volkome God en volkome Verlosser. Hy is Hoof van die Kerk en Koning van die hele skepping. Hieraan moes die gelowiges vashou en hulle nie van stryk laat bring nie.

Ondankbaarheid is 'n kenmerk van die heidendom. Die heidene dank God nie (Rom 1:21). 'n Verdraaide evangelie waarvolgens die Here Jesus nie volkome Verlosser is nie, werk ook ondankbaarheid in die hand. Daarteenoor bring die ware evangelie, die boodskap van Christus, dankbaarheid in jou hart, want dit verseker jou onder andere van God se genade, sy liefde en sy sorg.

In ons fokusgedeelte kry ons die oproep dat die boodskap/woord van Christus in ons moet bly. Dié boodskap wat uit spel Wie Christus werklik is en wat Hy gedoen het en steeds doen. Met daardie boodskap moet ons mekaar leer en onderrig, selfs deur die psalms en lofsange en geestelike liedere wat ons sing.

Wie die rykdom van dié boodskap besef, sing boonop met dankbaarheid in die hart en tot eer van God.

*Sing: Skrifberyming 1-1:3, 6, 7*

*Ds ASA de Bruyn (Wilropark)*